SUNRIDGE VANDAG

SUNRIDGE TODAY

CONJUNCTI CRESCIMUS

6 May/ Mei 2021

Dear Parents

Welcome back to the second term as well as to the new pandemic challenges and the way forward. The Dept. of Education is currently investigating the possibility of returning all learners at primary school level. As in our previous newsletter we have investigated possible measures BUT could not find a solution that is not in contradiction to the regulations. YES we are aware of 1% of schools who have returned fully and YES we take note of regulations having been "bent" to achieve this. We will not act outside the regulations or bend them to suit us.

We will await the outcome and instructions from the Dept. of Education and will continue as instructed within our 50% capacity implemented on alternative days.

**Return of Extramural activities**

Please note that the safety of our staff and the compliance of the different Sport Code return policies is not negotiable. As we are liable we will not act outside regulations or bend them to suit us.

Class teachers need to release learners at their specific gate, return to get all equipment ready and scan learners at the respective gate for each sport code. We move from an academic bubble to an extramural bubble. The equipment and documentation must be done on site for each venue with only one entry gate as in the protocol for each code. To deliver this service leaves us with no extra staff nor any room to accommodate late arrivals.

Currently the staff start at 07:00 with only a 15 minute break as the children need to be under supervision at all times. The same staff must then receive children for extramural activities, work until 16:00 and still mark, plan and prepare for the next school day.

Within the current regulations this is the only way for us to comply within our available resources and staff. Please note that these are extraordinary circumstances beyond our control.

To be fair to all concerned and to get any misconceptions out of the way, we have cancelled all **A team** practices as on the extramural time table for the week. Next week, Wednesday to Friday, we will host a 3 day trials period to allow coaches to select their A and B teams etc. Practices will then be in line with the time table, without any uncertainty.

This will also be the first time that children can participate in trials for more than one sport code as well as, if selected, play A team for more than one code. Please note that no team is cast in stone and that all teams are open. This in effect means that any child can be recommended by the coaches to be considered to play for the next team or different sport code.

To practice with a team does not automatically reserve your place in the team or to play for the team. Children must know that by availing themselves for selection will require them to follow through and be available for practices and matches. It is not a choice but an obligation when you put your name down. Commitment is therefore a priority and sacrifices must be made.

Once selected for the A team does not mean you cannot be replaced. Practices and matches within more than one code will be managed by the coaches and their decisions must be respected and honoured.

I, as Principal, together with the SMT will monitor the team selections and request input on the management of children and their progress within sport codes. Should you need information please always contact your child's coach first.

We will not participate in any interschool events until 30 June 2021. Nominated and selected players may participate in trials, practices and inter-house events. Your child's participation in outside events, within protocol, is respected BUT should it put the school at risk we will refuse your child's participation at school.

Rest assured we are just as eager as you to return to normal activities BUT we will not compromise our staff or learners by acting outside protocols and regulations.

"Anger is an emotion that if you carry it around for a long period of time, it doesn't allow you to live." -John Singleton

**2022 Enrolment**
This is an ongoing process and the number of applications has well exceeded our calculated capacity . Late applications are at serious risk irrespective of living in our area or with a sibling at Sunridge - this high demand means applying in time is essential.

We are left with many parents in need of placement at Sunridge and we kindly request you to notify us immediately of any children who might be leaving. Please remember that two months' notice is compulsory. For those still awaiting placement we will inform you as soon as a "vacancy" becomes available.

We are truly blessed with the interest in our school and the reports from high schools on our learners is brilliant. The amount of positive and supportive people out there is commendable. Thanks to all Sunridge parents and friends who make our school what it is.

"It is the mind that makes the body." Sojourner Truth

Sunshine Greetings
M DE VRIES
Principal

Geagte Ouers

Ons verwelkom u terug vir die tweede kwartaal en sal saam met u die daaglikse uitdagings wat die pandemie oor ons pad bring, die hoof bied. Die Departement van Onderwys besin tans oor die moontlikheid om alle laerskoolleerlinge op 'n daaglikse basis terug te bring. Soos in die vorige nuusbrief gemeld, het ons verskeie moontlikhede ondersoek, MAAR ons kon geen oplossings vind wat die regulasies eerbiedig nie. JA, ons weet van 'n handjievol skole wat dit gedoen het en JA, ons weet ook dat regulasies aangepas is om dit moontlik te maak. Ons sal nie buite die wet staan of jakkalsdraaie gooi om ons te pas nie.
Ons sal wag op die uitkoms en instruksies van die Departement van Onderwys en sal intussen voortgaan met 50% kapasiteit op alternatiewe dae.

**Terugbring van Buitemuurse Aktiwiteite**
Neem asseblief kennis dat die veiligheid van ons personeel ononderhandelbaar is, net soos voldoening aan die terugkeerbeleide van die verskillende kodes. Aangesien ons aanspreeklik gehou word, sal ons nie buite regulasies optree of dit buig om ons te pas nie.

Die onderwyser in die klas moet die leerlinge by 'n spesifieke hek verdaag, terugkeer om toerusting gereed te kry sodat hulle die leerlinge by die hek vir buitemuurse aktiwiteite kan ontvang en 'n siftingstoets doen. Ons beweeg van 'n akademiese borrel na 'n buitemuurse borrel. Die toerusting en dokumentasie moet ter plaatse by elke aktiwiteit gebruik word, met net een toegangspunt (hek), soos die protokol vir elke kode voorskryf. Ons het geen ekstra personeel of ruimte om mense wat laat kom, te akkommodeer nie.

Ons personeel begin tans elke dag om 07:00 werk, met slegs 'n blaaskansie van 15 minute, aangesien die kinders te alle tye onder toesig moet wees. Dieselfde personeel moet dan die kinders by die buitemuurse aktiwiteite ontvang en tot 16:00 werk voordat hulle die werk vir die volgende skooldag moet merk, beplan en voorberei.

Onder die huidige regulasies is dit al manier vir ons om met ons beskikbare bronne en personeel die mas op te kom. Onthou asseblief dit is steeds buitengewone omstandighede buite ons beheer.

Ten einde regverdig teenoor almal te wees en alle misverstande uit die weg te ruim, het ons alle **A-span** oefeninge op die rooster vir die week gekanselleer. Ons bied van volgende Woensdag tot Vrydag proewe aan sodat afrigters hul spanne kan kies en oefeninge sonder enige onsekerheid volgens die rooster kan plaasvind.

Dit is ook die eerste keer dat kinders aan proewe vir meer as een sportkode mag deelneem en in die A-span van verskillende sportkodes kan speel indien hulle gekeur word. Neem asseblief kennis dat geen span in yster gegiet is nie en dat alle spanne vloeibaar is. Dit beteken in die praktyk dat enige kind deur die afrigters vir die volgende span of 'n ander sportkode vir oorweging aanbeveel kan word.

Om saam met 'n span te oefen, bespreek nie noodwendig jou plek in die span of dat jy vir die span sal speel nie. Kinders moet onthou dat indien hulle hulself vir keuring beskikbaar stel, daar van hulle verwag sal word om deursettingsvermoë aan die dag te lê en om vir oefeninge en wedstryde beskikbaar te wees. Wanneer jy jou naam neerskryf, is dit nie 'n keuse nie, maar 'n verpligting. Toewyding is dus 'n prioriteit en opofferinge sal gemaak moet word.

Indien jy vir die A-span gekies word, kan jy wel vervang word. Oefeninge en wedstryde binne meer as een kode word deur die afrigters bestuur en hul besluite moet gerespekteer en gehoorsaam word.

Ek as Skoolhoof sal met my SBS die spankeuses monitor en navraag doen oor die bestuur van kinders en hul vordering binne die sportkodes. Enige navrae van u kant moet in die eerste plek aan u kind se afrigter gerig word.

Ons sal eers ná 30 Junie 2021 aan interskolebyeenkomste deelneem. Genomineerde en gekose spelers mag aan proewe, oefeninge en interhuisbyeenkomste deelneem. U kind se deelname aan buitebyeenkomste binne protokol word gerespekteer, MAAR ons sal u kind deelname by die skool weier indien dit ons skool in gevaar stel.

Wees verseker dat ons net so gretig soos u is om normale aktiwiteite te hervat, MAAR ons durf nie ons personeel of leerlinge in gevaar stel deur buite die regulasies en protokol op te tree nie.

“Anger is an emotion that if you carry it around for a long period of time, it doesn’t allow you to live.” -John Singleton

**Inskrywings vir 2022**

Dit is ‘n voortgesette proses en ons het ons geraamde kapasiteit bereik, aangesien die aantal aansoeke heelwat meer is as ons beskikbare ruimte. Laat aansoeke kan nie verseker wees van ‘n positiewe uitkoms nie, selfs vir kinders wat in ons gebied woon of boeties en sussies in Sunridge het. ‘n Plasing in Sunridge is uiters gesog en dit is noodsaaklik om betyds aansoek te doen.

Talle ouers wag nog op plasing by Sunridge, daarom versoek ons alle ouers wie se kinders die skool gaan verlaat, om ons onmiddellik te verwittig. Onthou asseblief dat ‘n kennisgewingstydperk van 2 maande verpligtend is. Ouers op die waglys sal in kennis gestel word sodra ‘n vakature ontstaan.

Ons is werklik geseënd met die belangstelling in ons skool en die verslae wat ons van hoërskole oor ons leerlinge kry, is uit die boonste rakke. Dit is ongelooflik hoeveel positiewe en ondersteunende mense daarbuite is. Baie dankie aan alle Sunridge ouers en vriende van Sunridge wat ons skool se vlam hoog laat brand.

“It is the mind that makes the body.” Sojourner Truth

Sonskyngroete
M DE VRIES
Skoolhoof



**Veels geluk aan Lehan Barnard wat hierdie kwartaal tot prefek verkies is.**





Follow us on facebook


## LEARNER ACHIEVEMENTS / LEERDERPRESTASIES


*If not a school event, official results must be emailed to wendy@sunridge.co.za within one week of the event.*
*Indien nie 'n skoolaktiwiteit nie, moet uitslae binne een week na wendy@sunridge.co.za gestuur word.*


**NETBALL:** The following girls are through to the Metro trials - **Emma Olivier and Ashleigh Kleynhans (u/13) and Mila Crous and Mia van Molendorff (u/12).**
**RHYTHMIC GYMNASTICS:** Results from the Ibhayi Club competition: u/7 Level 1 - **Roundi Britz** (1st overall, gold medal), **Lacey-Jo Sharkie** (2nd overall, silver medal & **Tumi Britz** (3rd overall, bronze medal). u/8 Level 1 - **Jana Ehlers** (2nd overall, silver medal); u/9 Level 1 - **Ninké Scholtz** (1st overall, gold medal); u/8 Level 2 - **Liané Muller** (1st overall, gold medal); u/10 Level 2 - **Katelyn Kretzmann** (2nd overall, silver medal); u/13 Level 3 - **Delaney Gamba** (2nd overall, silver medal); u/10 Level 4 - **Catherine Grebe** (2nd overall, silver medal); u/13 Level 6 - **Kristin Conradie** (2nd overall, silver medal).
**BIATHLON:** At the EP Biathlon Championships **Hanré Vermaak** (u/9) and **Elmé Vermaak** (u/12) both won gold medals.





# PHOTO GALLERY / FOTOGALERY















## Sunridge Primêre Skool
Kwartaal 2 2021
Eksamen

| DATUM | GRAAD | SESSIE | VAK | GRAAD | SESSIE | VAK |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Maandag 7 Junie | Gr 4 | Sessie 1 | NW/Teg | Gr 7 | Sessie 1 | Natuurwetenskappe |
| | | Sessie 2 | Visueel en Opsomming (Afr) | | Sessie 2 | Visueel en Opsomming (Afr) |
| Dinsdag 8 Junie | Gr 5 | Sessie 1 | NW/Teg | Gr 6 | Sessie 1 | NW/Teg |
| | | Sessie 2 | Visueel en Opsomming (Afr) | | Sessie 2 | Visueel en Opsomming (Afr) |
| Woensdag 9 Junie | Gr 4 | Sessie 1 | Wiskunde | Gr 7 | Sessie 1 | Wiskunde |
| Donderdag 10 Junie | Gr 5 | Sessie 1 | Wiskunde | Gr 6 | Sessie 1 | Wiskunde |
| Vrydag 11 Junie | Gr 4 | Sessie 1 | Geskiedenis | Gr 7 | Sessie 1 | Geskiedenis |
| | | Sessie 2 | Visual and Summary (Eng) | | Sessie 2 | Visual and Summary (Eng) |
| Maandag 14 Junie | Gr 5 | Sessie 1 | Geskiedenis | Gr 6 | Sessie 1 | Geskiedenis |
| | | Sessie 2 | Visual and Summary (Eng) | | Sessie 2 | Visual and Summary (Eng) |
| Dinsdag 15 Junie | Gr 4 | Sessie 1 | English | Gr 7 | Sessie 1 | English |
| | | | | | Sessie 2 | Kreatiewe Kunste |
| Donderdag 17 Junie | Gr 5 | Sessie 1 | English | Gr 6 | Sessie 1 | English |
| Vrydag 18 Junie | Gr 4 | Sessie 1 | Lewensvaardighede | Gr 7 | Sessie 1 | EBW |
| | | | | | Sessie 2 | Tegnologie |
| Maandag 21 Junie | Gr 5 | Sessie 1 | Lewensvaardighede | Gr 6 | Sessie 1 | Lewensvaardighede |
| Dinsdag 22 Junie | Gr 4 | Sessie 1 | Aardrykskunde | Gr 7 | Sessie 1 | Aardrykskunde |
| Woensdag 23 Junie | Gr 5 | Sessie 1 | Aardrykskunde | Gr 6 | Sessie 1 | Aardrykskunde |
| Donderdag 24 Junie | Gr 4 | Sessie 1 | Afrikaans | Gr 7 | Sessie 1 | Afrikaans |
| | | | | | Sessie 2 | Lewensoriëntering |
| Vrydag 25 Junie | Gr 5 | Sessie 1 | Afrikaans | Gr 6 | Sessie 1 | Afrikaans |

## Sunridge Primary School
Term 2 2021
Examination

| DATE | GRADE | SESSION | SUBJECT | GRADE | SESSION | SUBJECT |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Monday 7 June | Gr 4 | Session 1 | NS/Tech | Gr 7 | Session 1 | Natural Sciences |
| | | Session 2 | Visueel en Opsomming (Afr) | | Session 2 | Visueel en Opsomming (Afr) |
| Tuesday 8 June | Gr 5 | Session 1 | NS/Tech | Gr 6 | Session 1 | NS/Tech |
| | | Session 2 | Visueel en Opsomming (Afr) | | Session 2 | Visueel en Opsomming (Afr) |
| Wednesday 9 June | Gr 4 | Session 1 | Mathematics | Gr 7 | Session 1 | Mathematics |
| Thursday 10 June | Gr 5 | Session 1 | Mathematics | Gr 6 | Session 1 | Mathematics |
| Friday 11 June | Gr 4 | Session 1 | History | Gr 7 | Session 1 | History |
| | | Session 2 | Visual and Summary (Eng) | | Session 2 | Visual and Summary (Eng) |
| Monday 14 June | Gr 5 | Session 1 | History | Gr 6 | Session 1 | History |
| | | Session 2 | Visual and Summary (Eng) | | Session 2 | Visual and Summary (Eng) |
| Tuesday 15 June | Gr 4 | Session 1 | English | Gr 7 | Session 1 | English |
| | | | | | Session 2 | Creative Arts |
| Thursday 17 June | Gr 5 | Session 1 | English | Gr 6 | Session 1 | English |
| Friday 18 June | Gr 4 | Session 1 | Life Skills | Gr 7 | Session 1 | EMS |
| | | | | | Session 2 | Technology |
| Monday 21 June | Gr 5 | Session 1 | Life Skills | Gr 6 | Session 1 | Life Skills |
| Tuesday 22 June | Gr 4 | Session 1 | Geography | Gr 7 | Session 1 | Geography |
| Wednesday 23 Junie | Gr 5 | Session 1 | Geography | Gr 6 | Session 1 | Geography |
| Thursday 24 Junie | Gr 4 | Session 1 | Afrikaans | Gr 7 | Session 1 | Afrikaans |
| | | | | | Session 2 | Life Orientation |
| Friday 25 Junie | Gr 5 | Session 1 | Afrikaans | Gr 6 | Session 1 | Afrikaans |